God se koninkryk: deel 8 –
As Jesus weer kom

In die boek Openbaring in die Bybel lees ons dat Jesus weer gaan terug kom en alles gaan kom nuut maak! Openbaring 21 en 22 vertel vir ons hoe dit gaan wees. Hier is die storie in kort:

God het die aarde perfek geskep.



Die aarde kry op die oomblik swaar omdat mense verkeerde keuses maak.

God het vir Johannes gewys wat sal gebeur vandat Jesus opgevaar het na die hemel tot Hy eendag weer terugkom.

Jerusalem, waar die tempel altyd was, sal afkom uit die hemel en splinternuut en mooi wees.

Niemand sal meer doodgaan nie. Ons sal vir ewig lewe.

Niemand sal ooit weer huil nie, ons sal nuwe lywe kry wat nie kan seerkry nie, ons sal nooit weer bang wees nie, ons sal niks slegte goed onthou nie, almal sal God se familie wees en almal sal lief wees vir mekaar.

Jesus sal op die troon sit en daar sal lewende water uit Sy troon kom. Almal sal daarvan kan drink nooit weer dors word nie.

Maak ‘n deurhanger vir jou kamer se deur. Plak dit op ‘n karton en knip dit uit: